

**Nog herhalende insidente!**

Mei 2016



Fotos van die West, Texas-ontploffing op video vasgevang, uit die VSA se CSB se finale verslag

Op 29 Januarie, 2016 het die VSA se Chemiese Veiligheidsraad (CSB) 'n verslag en 'n video-animasie vrygestel oor die ontploffing op 17 April 2013 in 'n chemiese bergingsfasiliteit in West, Texas. Die ontploffing het 15 sterftes, meer as 260 beserings, die totale verwoesting van die aanleg, en wydverspreide verwoesting in die omliggende gemeenskap veroorsaak.

'n Paar dae later, op 5 Februarie 2016, het die Chinese regering 'n verslag vrygestel oor die ontploffing in 'n chemiese pakhuis in Tianjin, China op 12 Augustus, 2015. Daardie ontploffing het meer as 170 sterftes, oor die 700 beserings en miljarde dollars in finansiële verlies veroorsaak.

Albei hierdie insidente het in pakhuisse plaasgevind waar ammonium nitraat (AN), 'n algemene kunsmis, saam met 'n verskeidenheid ander chemikalieë geberg is. In albei insidente het 'n brand ontstaan wat die AN aan hoë temperature blootgestel het. Die CSB-verslag stel dat AN drie hoofgevaare in brandsituasies toon: Onbeheerbare vuur, ontbinding met die ontstaan van giftige gasse, en ontploffing.

**Het jy geweet?**

- Die CSB-verslag oor die West, Texas-ontploffing het 32 ander ontploffings geïdentifiseer waarby AN betrokke was terugstrek na 1916 (insluitend die 2015 Tianjin, China-ontploffing). Hierdie ontploffings het amper 1,500 sterftes en duisende beserings veroorsaak.
- Die CSB-lys van AN-ontploffings sluit die ontploffing in op 16 April, 1947, op die skip Grandcamp in Texas-stad, Texas, wat ongeveer 500 sterftes en 3,000 beserings veroorsaak het. Die insident word beskou as die dodelikste industriële ramp in VSA-geskiedenis.

**Wat kan jy doen?**

- Jy mag dalk nie AN op jou aanleg hanteer nie, maar jy hanteer dalk ander materiaal met so 'n hoë potensiaal vir skade. Indien jy gevaarlike materiaal hanteer, of indien jou proses in gevaarlike kondisies plaasvind, moet jy verstaan watter insidente in die verlede plaasgevind het met die materiaal en proestoestande op jou aanleg.
- Vra ingenieurs, bestuurders en veteraanwerknemers om inligting te deel oor vorige insidente op jou aanleg, en op ander aanlegte soos joune. Verstaan wat gedoen moet word om soortgelyke insidente te voorkom.
- Vir voorbeelde van herhaalde insidente, sien die *Beacons* van Februarie 2014 en Februarie 2016.
- Soek op die Internet vir vorige insidente wat met die materiaal en prosesse op jou aanleg gebeur het.

***Leer uit die geskiedenis sodat dit nie herhaal nie!***